

# “DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG  
(Jaargang 19 - nr. 37.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

## 15 September 2019

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

**EREDIENS VANOGGEND: Dr. Petrus Venter**

**Voorsang:**

Ps.48 :4,5

**Ontmoetingsdiens:**

Votum en seën

Sing: Ps. 36:2,3

Belydenis van geloof

**Verootmoediging- en versoeningsdiens:**

Wet

Sing: Ps. 36:1

**Gebed**

**Woorddiens:**

Sing: Ps. 42:1,4

Skriflesing: Psalm 2

Teks: Psalm 2:6

**Preektema:**

EK TOG het my Koning gesalf

Sing: Ps. 89:6,13

**Leerprediking:**

Skriflesing: Psalm 2:1-3

Heidelbergse Kategismus: Sondag 3

Tema- Waartoe moet ons haat en verdorwenheid herlei word?!

**Antwoorddiens:**

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Ekumenisiteit Londen

Sing: Ps.2:4,6

**Wegstuurseën**

**Preeksketse**

**Psalm 2**

Psalm 2 raak al meer met die nasies van die aarde besig. In ons teksverse is daar veral twee sentrale woordjie met die mees omvangryke betekenis wat ons nie mag mislees nie.

Die '83- Vertl het dit wel goed saamgevat deur te vertaal dat *Dit is Ek ... Die Here sê - 6 "Dit is Ek wat hom as my koning gesalf het op Sion, my heilige berg."* Die ouer vertalings stel dit nader aan die oorspronklike as daar staan – EK TOG ... 6 *Ék tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg.* Watter besondere gebeurtenis lê hierin. Ons kan selfs Psalm 2 noem, soos wat Grosheide dit doen, die lied van die goddelike Ek tog ...

**Sondag 3 Heidelbergse Kategismus**

Die begin van Psalm 2 dra die bewyse van Sondag 3 lewensgroot. Ons besef ook die swartste nag van die mens se bestaan het oordag gebeur toe die sondeval plaasgevind het. Genesis 3 en dit word Sondag 3 ...

## KOLLEKTES

**Vandag:** 15 September 2019

- In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Ekumenisiteit Londen**

**Sondag:** 22 September 2019

- In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Teologiese Studentekas**

## WYK - DIENSBEURT

Vandag – 15 Sept 2019 – **Wyk 9**

- **Ouderling:** Br. Ferreira Meyer
- **Diaken:** Br. Barend Snyman
- **Wyksusters:** Sr. Cecile de Kock

Volgende week – 22 Sept 2019 - **Wyk 1**

- **Ouderling:** Br. Leendert Snyman
- **Diaken:** Br. Wikus Snyman
- **Wyksusters:** Sr. Miemie Snyman

## MEELEWING

- Ons dink in ons gebede aan sr. Marie Fourie wat die week 'n katarak operasie ondergaan het en verdere chemo behandeling ontvang volgende week.
- Ons dink aan sr Cecile de Kock wat mediese raad en moontlike behandeling in George rondom haar hand en pols moet ondergaan.
- Ons vertrou dat jngbr. Drikus Nel na die toetse en behandeling rondom sy gesondheid dit met hom al beter gaan. Ook dat hulle kon vasstel wat moeilikheid was?
- Baie sterkte aan br. Rassie Erasmus en sr. Marina Reinecke wat nog herstel na operasies.
- Ons dink aan br. Gert Brits en sr. Annie v/d Linde wat ongesteld is. Ons gebede is dat dit gou beter sal gaan.

## VERJAARSDAE

Maandag	16 Sept	Jngbr. Drikus Nel
Saterdag	21 Sept	Br. Wikus Snyman, Br. Henriko v Heerden
Sondag	22 Sept	Br. André vd Walt

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## ALGEMENE KERKNUUS

### GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus hierdie week se nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0> (Twee laaste weke het daar nie hierdie brokkies verskyn nie?)

**BEROEPE ONTVANG:** Ds. LJ Venter van Kimberley na Centurion as medeleraar.

**BEROEPE AANVAAR:**

## LYKSVERBRANDING- WAAROM NIE?!

Die GKSA het 'n Sinodebesluit wat die praktyk van verassing (kremasie) afwys. Gaan lees asb. weer daardie besluit met ook ander studiestukke op ons webwerf wat die praktyk van lyksverbranding (verassing) hanteer. Mag u en u families weer daarvoor herbesin as u dalk sou oorweeg dat by u sterwe daar op die wyse met u liggaam gehandel moet word. Dit alles kan gelees word by <http://bit.ly/2L0K5QD>

## PRETORIA FM UITSENDINGS – MAAK MY U WEË BEKEND

Die program wat dr. Petrus vanaf 8 Sept. tot einde Oktober op die senders van Pretoria FM saam met dr. Gerard Meijer bepaalde bydraes lewer word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. Dit is die enigste wyse wat ons hier na die programme sal kan luister.

## KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by

<http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-klasse vind Sondae na die ereadiens by die kerk plaas.

Alle Hoërskool kategeese en volwasse-kategeese gaan ook voort.

Die Voor-belydenisklas vind Sondae 'n kwartier na die ereadiens plaas.

Ons Belydenisklas en ook volwasse kategeese klasse vind Maandae plaas. Reëlings met die groepe sal steeds deur WhatsApp via ons kerkgroep deurgegee word.

## DIAKENS

## DORKAS- SUSTERS

**Huis Jan Vorster-mandjie** – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan **doeke, Prep en aqueous room**. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

## BYBELSTUDIE

Bybelstudie Dinsdag 10h00: Oggendgroep

Bybelstudie Dinsdag 18h30 Aandgroep

Ons gaan voort met die reeks rondom die gebede uit God se Woord.

## DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die ereadiens.

## GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

## STEAK-ETE

Volgende steak-ete is 4 Oktober 2019 aangebied deur wyke 1-4

## VOERTUIG TE KOOP

Die Kerkraad het besluit om ons gemeentervoertuig, 2008 Toyota Hilux 2.7 Petrol D/C VVTI 4x2 183 000km, te koop aan te bied. Die bakkie sal deur 'n tenderproses verkoop word. As u die bakkie wil koop kan u die bedrag wat u aanbied skriftelik by die Kerkkantoor inhandig of u aanbod per epos na [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za) stuur. Die sluitingsdatum vir tenders is Vrydag 17 Sept 2019. Die voertuig sal adverteer word vir R160 000.00

## KERMIS

Daar is nog baie rou vleis en wors beskikbaar by die kerkkantoor vir verkope!!!

## OMGEWINGSPITKOS

Nog as skaapherder (Eks 3:1) het Moses geleer om sy omgewing te ken. Hy kon dus menige buitengewone verskynsel soos 'n brandende doringbos sien waarin die hand van God wat vertering (Eks 3:2) wegweer gesien kan word. 'n Vooruitskouing van dié mag wat Sy verbondsvolk, die kerk van Christus en die mooie skepping deur die eeue staande gehou het. Dit te midde van vure van mishandeling deur die vyand. Skokbevindings in 'n onlangse VN verslag rakende biodiversiteit laat jou wonder hoe die aarde se ekosisteme nog staande kan bly. Onder meer is 75% grondgebied en 66% van oseane reeds ernstig deur menslike aktiwiteit verander. Stedelike gebiede het sedert 1992 verdubbel en 290 miljoen ha inheemse woud is van 1990 tot 2015 uitgeroei.

## HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT EN TYE VAN AFWESIGHEID

In September wil die predikant graag wyke 3 en 4 besoek. Hy sal u kontak om afsprake vas te maak.

Dr. Venter is deur Helpende Hand in samewerking met Solidariteit genader om 9-11 Okt. 2019 in Pretoria te wees. Hulle sal die vliegkoste dra. Op Krugerdag 10 Okt. moet hy ook met die feesverrigtinge in Paul Krugerkerk 'n "erediens" lei op versoek van die Krugergenootskap as deel van die Solidariteit-inisiatief. Op 15 Okt. moet hy weer in Pretoria wees vir 'n Deputate vergadering wat die Ekumenies Binnelands deputate belê het vir gesprekke met die AP Kerk en VGKSA en ons deputate se jaarlikse voorbereidende vergadering rondom beplanning vir 2020.

## HUISBESOEKE DEUR DIE OUDERLINGE

### VERGADERINGS:

Volgende kerkraadsvergadering vind DV 20 Nov. 2019 plaas.

### Verslag van die Finansiële Kommissie

Van die kommissie se kant af wil ons u graag bedank vir u bydraes en ons doen 'n beroep op lidmate om so vol te hou. U is welkom om met enige lid van die finansiële kommissie te skakel indien u navrae het

## KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571

Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	<a href="mailto:ds@gksa-postmasburg.co.za">ds@gksa-postmasburg.co.za</a>
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	<a href="mailto:skriba@gksa-postmasburg.co.za">skriba@gksa-postmasburg.co.za</a>
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	<a href="mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za">admin@gksa-postmasburg.co.za</a>
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	<a href="mailto:dawie@xmedia.co.za">dawie@xmedia.co.za</a>
Koster			
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	<a href="mailto:lukaskathu@gmail.com">lukaskathu@gmail.com</a>

**Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:**

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

## STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	<b>48</b>
Bydrae: Pro Ecclesia Beursfonds	<b>R 603.00</b>
Bydrae: Diens van barmhartigheid	<b>R 1 506.80</b>

## GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)